www.xtrapapers.com
www.PapaCambridge.com

# FIRST LANGUAGE AFRIKAANS

**Paper 0512/02**
**Reading and Directed Writing**

## Kommentaar op spesifieke vrae

### Vraag 1

**(a) – (c)** Die meeste kandidate het hierdie vrae korrek beantwoord.

**(d)** Alhoewel die meeste kandidate hierdie vraag reg beantwoord het, het sommige hul antwoord met ’n lang aanhaling of net in hul eie woorde gemotiveer, wat nie ’n punt verdien het nie.

**(e)** Sommige kandidate het hul punt hier verbeur omdat hulle hul antwoord direk uit die teks neergeskryf het en dus nie begrip getoon het nie.

**(f)** Die meeste kandidate kon toon hoe sy huis sy persoonlikheid weerspieël.

**(g)** Die meeste kandidate het hierdie vraag korrek beantwoord.

### Vraag 2

Talle kandidate het goed gevaar met hierdie gesprek tussen Pieter en die joernalis. Baie het die inligting in die leesstuk op ’n vars en oorspronklike manier in die onderhoud aangewend.

Ongelukkig het ‘n aantal kandidate nie die vorm van die dialoog/onderhoud korrek gebruik nie. Hulle moet aan die volgende herinner word:

In ’n dialoog/onderhoud:

- kom die name van die sprekers teen die linkerkantlyn (regs van die kantlyn)
- is daar ’n dubbelpunt na elke spreker se naam
- word geen aanhalingstekens gebruik nie
- is daar ’n reël oop na elke spreekbeurt.

Kandidate moet daaraan herinner word dat punktuasie baie doeltreffend in ’n dialoog ingespan kan word om gevoelens oor te dra.

### Vraag 3

Die meeste kandidate het redelik goed gevaar in die opsomming. ’n Klein aantal kandidate het die fout begaan om die twee mans se verwagtinge van vroue te vergelyk in plaas van om te kyk na hoe Tickey se vrou aan Pieter se verwagtinge sou kon voldoen.

Algemene punte waarna opgelet moet word:

- Kandidate moet hul eie woorde gebruik.
- Hulle moenie aanhalings gebruik om hul stellings te staaf nie.
- Hulle moet in paragraafvorm skryf – nie puntsgewys nie.

www.xtrapapers.com
www.PapaCambridge.com

**Vraag 4**

Talle kandidate het uitstekend in hierdie vraag gevaar. Baie het die inligting in die leesstuk s gebruik om 'n interessante koerantberig te skryf.

Kandidate moet herinner word dat slegs inligting uit die leesstuk as basis vir die skryfstuk gebruik moet word.

Die korrekte vorm vir die koerantberig moet gebruik word:

- Die eerste paragraaf bestaan gewoonlik net uit een sin waarin die volgende vrae (5 W's en 'n H) beantwoord word: **W**ie? **W**at? **W**anneer? **W**aar? **W**aarom? **H**oe?
- Daar moenie in die eerste persoon geskryf word nie (selfs al was die joernalis by die funksie).
- Verwys hoofsaaklik na mense by die naam in plaas van met behulp van persoonlike voornaamwoorde.
- Aanhalings deur betrokkenes maak 'n berig oortuigender.
- Die laaste paragraaf bestaan dikwels uit een sin waarin 'n mening gegee of gevolgtrekking gemaak word.

Die korrekte en doeltreffende gebruik van paragrafering en punktuasie verdien ook aandag.

www.xtrapapers.com
www.PapaCambridge.com

# FIRST LANGUAGE AFRIKAANS

**Paper 0512/03**
**Continuous Writing**

## Algemene kommentaar

Dit is verblydend dat 'n aansienlike aantal van die kandidate hulle goed van hul taak gekwyt het. Hul skryfstukke was oortuigend en oorspronklik en hulle het oor die nodige woordeskat beskik om die taak doeltreffend te voltooi.

Die bogemiddelde opstelle was toepaslik en bevoeg, maar deurgaans nie omvattend genoeg nie. Selfs in hierde antwoorde was daar probleme met taal: foutiewe byvoeglike naamwoorde, soos "aardlike" in plaas van 'aardse', foutiewe grammatika, soos "meer makliker" en "mees interessantste" en die gebruik van "was" in plaas van 'is' vir die lydende vorm het gereeld voorgekom.

Die ondergemiddelde en swak skryfstukke was meestal nie verbeeldingryk nie, het 'n beperkte woordeskat en steurende taalfoute gehad. Hier het gewoonlik ook baie spelfoute voorgekom, soos "doenasies" in plaas van 'donasies', "daglikse" in plaas van 'daaglikse', "taxis" in plaas van 'taxi's' en "ongelukigheid" in plaas van 'ongelukkigheid'.

Daar moet gelet word op die volgende om die standaard van skryfwerk te verhoog:

- die verskil tussen die woorde 'mening' en 'betekenis'; 'agteruitgaan' en 'agteruitgang', 'piekfyn' in plaas van 'haarfyn' en 'genader' en 'benader'.
- foutiewe taalgebruik, bv. "byproduk" verkeerdelik gebruik in plaas van 'neweproduk' en "koudbloedige" in plaas van 'koelbloedige'.
- "twee dae terug" in plaas van die korrekte vorm 'twee dae gelede'
- "kla" in plaas van 'klaar'
- "deur dit", "met dit", "aan dit" in plaas van 'daardeur', 'daarmee' en 'daaraan'
- "meeste" in plaas van 'die meeste'
- spelfoute soos die volgende:
  - die weglaat van diakritiese tekens, soos die kappie en die deelteken by woorde soos 'reën' en 'wêreld'
  - "vrae" in plaas van 'vra'
  - "enige iets" in plaas van 'enigiets'
  - "voute" in plaas van 'foute'
  - "suiderlike" in plaas van 'suidelike'
  - die neiging om samestellings los te skryf, bv. "trein reis" in plaas van 'treinreis', en "vriende kring" in plaas van 'vriendekring'
  - foutiewe spelling van 'roetine' en 'definitief'.
- leestekengebruik:
  - Die komma is meestal weggelaat tussen die werkwoorde in sinne soos die volgende: "Die dorpie waarin ek woon is piepklein" (komma tussen 'woon' en 'is').
  - Die komma is weggelaat voor sommige voegwoorde waar daar 'n ruspunt in die sin voorkom, bv. voor 'want' en 'maar'.
- Kandidate moet daarteen waak dat hul opstel te lank of te kort is, aangesien dit 'n negatiewe invloed kan hê op die beoordeling van hul werk.

www.xtrapapers.com
www.PapaCambridge.com

**Kommentaar op spesifieke opstelonderwerpe**

**Onderwerp 1**

Heelwat kandidate het gekies om oor hierdie onderwerp te skryf. Dit is ’n verhalende opstel waar kandidate hul verbeelding moes gebruik. Die inleidende sinne is verskaf en die skryfstuk moes verder ontwikkel word. Die opstelle was nie altyd oortuigend genoeg nie, hoewel die meeste kandidate meestal oor genoeg idees beskik het om die taak doeltreffend te voltooi.

**Onderwerp 2**

Die kandidate wat hierdie opstel geskryf het, het ook meestal ’n denkbeeldige gebeurtenis beskryf. Dit was gewoonlik toepaslik, maar soms ongeloofwaardig.

**Onderwerp 3**

Die opstelle oor hierdie onderwerp was oor die algemeen toepaslik, omdat musiek ’n groot rol in die meeste mense se lewens speel en kandidate dus genoeg idees daaroor gehad het.

**Onderwerp 4**

Die kandidate wat oor hierdie onderwerp geskryf het, het ervarings uit hul eie lewe beskryf en die skryfstuk het dus iets van die eie bevat wat in die meeste gevalle tot 'n kandidaat se voordeel strek.

**Onderwerp 5**

Hierdie opstel is beredenerend van aard. Die kandidate moes probleme in die land identifiseer en hul menings daaroor gee. Dit was belangrik dat hulle hul argumente goed met bewyse moes motiveer. Daar was soms te min ontwikkeling in hierdie opstelle en die kandidate se vermoë om hul gedagtes helder uit te druk, was partykeer nie bevredigend nie.

**Onderwerp 6**

Die leerders wat hierdie onderwerp gekies het, het by die onderwerp gehou en hul argumente om ’n sentrale tema gebou. Die siening van die onderwerp was meestal redelik goed.

**Onderwerp 7**

Hierdie onderwerp is deur heelwat kandidate aangepak. Diegene wat 'n werklike belewenis beskryf het, het oortuigende skryfstukke ingelewer, maar die inhoud van opstelle wat oor denkbeeldige ervarings van die karakters gehandel het, was meestal middelmatig. Sommige van hierdie opstelle het ernstige taal- en spelfoute bevat.

**Onderwerp 8**

Die inhoud van hierdie opstelle was dikwels nie so goed as die taalgebruik nie.

**Onderwerp 9**

Menings moes goed gemotiveer word vir hierdie opstel om in sy doel te slaag. Retoriese vrae is soms oneffektief gebruik. Kandidate het die feit dat die onderwerp oor moderne tegnologie gaan soms uit die oog verloor. Hier was ’n tweede tema in die opstel, naamlik dat tegnologie met respek bejeën moes word. Hierdie tema is meestal vaag behandel of daar is net terloops hierna verwys.